

*Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!*

## Die Boodskapper

Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) / [admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za)

---

### Oggenderediens (9:00) : Ds Brahm Robinson

Vooraf: Ps. 75: 1,2 en 4 (Totius)  
Votum en groetseën  
Sing: Ps. 47: 1,2 (Cloete)  
Geloofsbelydenis  
Sing: Lied 215: 1,4 en 5  
Wet van die Here  
Sing: Ps. 13-3 (Cloete)  
Gebed

Woordbediening  
Skriflesing: 1 Petrus 1: 11-17  
Tema: *Godverheerlikende werke in 'n gevalle wêreld*  
Gebed: Sing Lied 283: 1,2  
Liefdegawes  
Sing: Ps. 145: 1,3,5,9 (Cloete)  
Seën van die Here  
Amen

### English Service (16:30) : Rev Anton Janse van Rensburg

Greeting and Benediction  
Sing: Guide me o Redeemer  
God of help in past  
Have Thy own way  
  
Apostolic Creed  
Ten Commandments

Scripture: Mat 20:20-28; Philipp 2:3-8  
Theme: *Not to be served, but to serve*  
Prayer of Dedication  
Sing: Praise the Lord Almighty  
Now thank we all our God  
Praise to the Lord  
Benediction

### Aanderediens (18:00) : Ds Jaco Linde

Votum en Groetseën  
Sing: Lied 169: 1,2,3  
Gebed  
Sing: Sb. 7-2: 1,2

Skriflesing: Matt 16:13-20; Matt 18:15-20; HK So 31  
Tema: *Die sleutels van die Koninkryk van die hemel*  
Sing: Sb. 9-3: 1,2  
Seën van die Here

## Waarvoor kan ons bid?

- Bid vir die komende verkiesing. Bid dat die Here leiers sal gee wat die gemeenskappe dien.
- Bid vir almal wat hooggeplaas is dat hulle hul verantwoordelikhede met wysheid en regverdigheid sal nakom, sodat ons 'n rustige en stil lewe in alle godsvrug en waardigheid kan lei.
- Bid dat mense oral tot kennis van die waarheid sal kom en die verlossing in Jesus Christus sal leer ken. Bid ook dat die Here ons lewens en getuienis sal gebruik om sy evangelie uit te dra.
- Bid dat die Here ons sal gebruik om die vrede en voorspoed van die stad te bevorder.

**Chri-sante:** Panorama en Louis Leipoldt: Misha van Wyk: 084 899 5676

Alle Hospitale: Cornelia Jansen / Cape Gate: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE:** <https://www.gkbo.org>

**Ds Brahm Robinson:** 064 656 1374

[brahmrobinson@gmail.com](mailto:brahmrobinson@gmail.com)

**Ds Jaco Linde** 062 552 5492

[lindejaco@gmail.com](mailto:lindejaco@gmail.com)

**Kerkkantoor/whatsapp:** 082 712 4629

[admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za)

**Kassier:** 083 659 1301

[kassier@gkbo.org.za](mailto:kassier@gkbo.org.za)

**Kosters:** Elfriede / Melanie 083 636 9840 / 084 308 3118 [koster@gkbo.org.za](mailto:koster@gkbo.org.za)

**KOLLEKTES: VANDAG :** Diakonale Kas en Thusofonds

**Sondag 8 November :** Diakonale Kas en Huis Boland

**VANDAG:**

**Orrel:** Bart van Milligen

**Projektor:** Wim Gevers

**Teeskink:** GF35; GF36; BR2; BR5

**Parkeerterrein:** Johann en Jocelin Venter

**Sondag 8 November:**

Anna-Marie Alkema

Phillip Venter

GF01; GF02; BR4 en DN1

Müller Lourens

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Werner van Geer en Hennie Venter

**Sondag 8 November:** Jan-Hendrik van Wyk en Jocelyn Venter

**DAGBOEK 1 November tot 08 November**

|           |                                |                  |       |
|-----------|--------------------------------|------------------|-------|
| VANDAG    | Gebedsgeleentheid              | Gebedskamer      | 8:30  |
| Di 03/11  | Griefshare sessie 12           | GKBO konsistorie | 9:30  |
| Wo 04/11  | VERKIESINGSDAG                 |                  |       |
| Do 05/11  | Bestuursouderlinge vergadering | Aanlyn           | 07:30 |
| Sat 06/11 | Discipleship Training (RCBE)   | GKBO             | 08:30 |

**Bybelstudies**

|          |                             |                  |       |
|----------|-----------------------------|------------------|-------|
| Ma 02/11 | Aand Bybelstudie (Eugene)   | GKBO             | 19:00 |
| Do 05/10 | Studente Bybelstudie (Jaco) | Aan huis by Jaco | 19:00 |

# GKBO Dankbaarheidsfees

**Sluit by ons aan vir 'n aand van dankbaarheid en gesellige saamwees!**

 **Datum:** Saterdag, 28 November

 **Tyd:** 17:00

 **Plek:** GKBO

 **Koste:** R50 per persoon

**Feesmaal sluit in:** spitbraai, bykosse & nagereg

**RSVP teen 22 November** (volg dié skakel of skryf jou naam op die lys in die voorportaal)



**Kleuterkerk:** Ons herinner graag ons ouers van jong kinders, veral ons nuwe lidmate, dat daar elke Sondagoggend tydens die kwartaal 'n kleuterkerk vir kinders 3-6 jaar aangebied word. Die kinders leer van die evangelie op ouderdomsgepaste wyse. Die kleuterkerk is in die eerste katekisasieklas in die agterste vierkant (by die glas sydeure voor by die saal langs die preekstoel.)

**Griefshare:** Komende Dinsdagoggend word **sessie 12** van die derde Griefshare program aangebied. Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30.

**Kerkkantoor:** Die admin-beampte, Jenny Wendt, is komende week met verlof. Groot **dankie** aan Ingrid Singels wat weer instaan vir die week.

## Lidmaatsake en Nuus

### Meelewing:

**Jan en Kees Beekman** se swaer is die afgelope week in Pretoria oorlede. Ons bid vir Jan en Elza, Kees en hulle uitgebreide familie die vertroosting en nabyheid van die Here toe.

## GKSA 2027 Almanak – laaste geleentheid vandag!

Lidmate het tot vandag tyd om die **GKSA 2027 Almanak** te bestel @R150 elk (BTW, posgeld en verpakking ingesluit.) Bestel via whatsapp na 082 712 4629 OF 'n epos na [admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za). Betalings moet asseblief ook voor of op 1 November gemaak word, in die kerk se bankrekening, met die verwysing NAAM+ALMANAK. Epos asseblief u bewys van betaling na [admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za) en nie na die kassier nie.

## Griefshare deelnemers kuier gesellig – 10 November!

Almal wat hierdie jaar aan die Griefshare program deelgeneem het, word hartlik uitgenooi om op Dinsdag, 10 November, vanaf 17:30 gesellig saam te kom kuier. Ons kom in die portaal en kleinsaal van die kerkgebou bymekaar. Ons gaan saam eet en weer lekker saam kuier. Indien jy 'n metgesel wil saambring is jy meer as welkom!

Ons stuur binnekort die finale reëlins aan julle via die onderskeie Griefshare whatsapp-groepe. Vir enige navrae kontak gerus vir Reinder, Douw of Jaco.

## Vrolike Veterane vier dankbaar die jaar

Die veterane beplan DV hul afskeidsbyeenkoms vir die jaar by Cape Garden Centre in Joostenbergvlakte. Kom geniet die pragtige blomme en plante.

Cape Garden Centre is waar ons verlede jaar so lekker gekuier het. Ons kom op Woensdag 11 November daar bymekaar. Pensioenaristariewe geld op Woensdae in die restaurant.

Ons almal kom weer om 9:00 by die kerk bymekaar vir saamry-reelings. Heelwat nuwe seniors het onlangs by ons kerk aangesluit. As jy nuut is in die Gemeente en vriende wil ontmoet, kom gerus saam. Skakel soos gewoonlik vir Anton by 082 777 7599 of Hettie by 083 336 0012

**Datum: Woensdag 11 November   Tyd en plek: 9-uur by die kerk en 9:30 by Garden Centre**

## Aankondiging : Kalah – ons nuwe amptelike platform

Kalah: GKBO se amptelike platform — en 'n geskenk vir die hele Gereformeerde familie

Die kerkraad het Kalah gekies as GKBO se amptelike platform. Dit is nie net ons webwerf nie: die lidmateregister, kommunikasie, diensbeurte, vorms en die gemeente se finansies word stap vir stap alles na Kalah oorgeskuif — een stelsel vir die hele gemeente.

Terselfdertyd is Kalah NPC gestig, 'n nie-winsgewende maatskappy wat Kalah aan elke Gereformeerde gemeente in Suid-Afrika beskikbaar stel — verniet, vir altyd. Geen intekengeld, geen vlakke, geen kontrakte nie. Die direkteur is drie lidmate van ons eie gemeente: Gerrit van Milligen (diaken), Jan-Hendrik van Wyk (ouderling) en Attie Retief (stigter). Hulle dien sonder vergoeding.


Hoe jy kan help: Besoek kalah.app en vertel ander Gereformeerde gemeentes daarvan — familie, vriende, jou vorige gemeente, die skriba of kassier wat jy ken. Elke gemeente wat oorsakel, spaar duisende rande per jaar en ontvang behoorlike gereedskap vir die werk van die kerk.

🔗 kalah.app — verniet vir elke gemeente, altyd.

## Mediateek

In die outobiografie word die inspirerende verhaal van Chai Ling, 'n onverskrokke voorstander en verdediger van demokrasie en vryheid in China, vertel.

Bo alles vind sy die allergrootste van alle vryhede, naamlik die vryheid in Christus.



## Borge en Bydraes..

Die reëlins vir die **Boland Hoërskool kamp** is in volle swang. Ons sien telkens die Here se seënende hand oor hierdie mooi inisiatief. Die ekonomie druk hard, en ons wil nie hê dat enige kind weens finansiële tekort nie die kamp kan bywoon nie. Ons vra dus indien enige lidmaat graag 'n bydrae wil maak om 'n kind vir die kamp te borg, met watter bedrag ook al, julle asseblief met Jaco Linde sal kontak maak.

**CPM** (Christian Prison Ministries) wil graag hierdie Kersfees vir elke student wat ons bedien iets spesiaals vir Kersfees gee. Indien u kans sien om 'n pakkie papier (gewone wit A4 tikpapier) te skenk, sal ons dit baie waardeer. U kan die papier in die voorportaal onder die groen CPM Leskissies neersit. Baie dankie dat u ook hier 'n verskil maak.

# Die Skooltassie-Projek 2027



Dit is weer tyd vir ons **Skooltassie-Projek vir die 2027-skooljaar**, waarmee ons die laerskoolkinders van Goliath Estate wil ondersteun.

Daar is tans **ongeveer 65 kinders van Graad R tot Graad 7**, waarvan die meeste in Aristeia Laerskool is. Soos die afgelope twee jaar, wil ons graag aan elke kind die belangrikste skryfbehoeftes vir die nuwe skooljaar voorsien.

**Hierdie jaar gaan ons die skryfbehoeftes in grootmaat aankoop** en volgens graad verpak. Die beraamde koste beloop **R700 tot R800 per kind**. Ons benodig dus ongeveer **R50 000** om hierdie projek moontlik te maak.

**Hoe kan jy help?** Donasies kan in die volgende rekening inbetaal word:

**Charitas GKBO NPC : Bank: FNB : Rekeningtype: Gold Business Account**  
**Rekeningnommer: 62752972573 : Verwysing: Skooltassie**

Elke bydrae, groot of klein, help ons om hierdie kinders met die nodige **skryfbehoeftes, hoop** en **selfvertroue** toe te rus vir 2027.

Baie dankie vir julle ondersteuning en bereidwilligheid om saam met ons in hierdie kinders se toekoms te belê!



Groete, **Charitas GKBO**

**GK Stellenbosch bied aan :**

*Lewe in die Lig*  
Ligdraersdans

**“Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê.”**

**~ Johannes 8:12**



**Alle studente en jongwerkendes !**

**Datum : 18 November**

**Tyd : 17:30 vir 18:00**

**tot 22:00**

**Venue : Kijk in de Pot**

**Koste : R350 (enkel)**

**R650 (dubbel)**

**Kleredrag : Formeel**

**Kaartjie besprekings:**



Om te bespreek: <https://forms.gle/TQe6Wk3nnj25ZRwR7>

Jy word uitgenooi na die  
susters van Bellville—Oos se

# **KEN-MEKAAR**

&

**SKOOLTASSIE – PROJEK  
—HELP TERWYL JY KUIER!—**


**ONS PAK SKRYFBEHOEFTE S VIR  
61 BEHOEFTIGE KINDERS VIR  
LAERSKOOL ARISTEA**

**14 November**

**9–12 vm**

**Kerk se saal**

**Bring asb 'n bordjie eetgoed saam!**



14 NOVEMBER 2026

# GKBO ROEI

## DIE BREEDE RIVIER

**R800** pp

Etes, vervoer & kanoes ingesluit

BESPREKINGS SLUIT  
**9 NOVEMBER 2026**

**Beperkte plek beskikbaar.**

Kontak asb. vir Wagner Human om jou plek te bespreek.

 **083 235 3727**

*\*Geen kinders onder 14 jaar*

Hier is die skakel om plek te bespreek:

[https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeU\\_aGhvI4HyO0hR648qomHhHdouIUvhfLOc8QuBASrOfx6GA/viewform?usp=sharing&ouid=115055624015156791864](https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeU_aGhvI4HyO0hR648qomHhHdouIUvhfLOc8QuBASrOfx6GA/viewform?usp=sharing&ouid=115055624015156791864)

# GKBO Susters, jonk en nie meer so jonk..

Daar is heelwat van ons susters wat nog nie op die Susters Whatsapp groep is nie. Ons wil baie graag ieder en 'n elk kan bereik, betrek en bedien. Skandeer die onderstaande QR kode of gebruik die whatsapp-groep skakel.



**Susters whatsapp groep:** <https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVeI>

## GKBO Kommunikasiekanale

Die gemeente het verskeie **kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting**. Die Whatsapp kanale is nie kletsgroepe nie en **slegs admins kan boodskappe versprei**.

**Algemene Gemeente boodskappe: (Slegs lidmate)**

<https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq>

**Kontaknommer vir die kerkkantoor:** Jenny Wendt 082 712 4629

## Bybelse Berading :

Kyk gerus op ons webtuiste [www.gkbo.org](http://www.gkbo.org) na die volledige inligting.

**Cherie Fourie : Epos:** [cherie@abbo.org.za](mailto:cherie@abbo.org.za); Selfoon: 083 522 7667

Fokusareas: Vroue en kinders, egskeiding, dood, rou, huwelik, mishandeling, aftrede, konflik, skolastiese vordering, selfbeeld en identiteit.

**Eugene Viljoen : Epos:** [emyn04@gmail.com](mailto:emyn04@gmail.com); Selfoon: 084 023 8239

Fokusareas: Algemene etiese vraagstukke insluitend seksualiteit en geslagtelikheid, genadedood, selfdoding, reg en geregtigheid, lewenseinde, huwelik, egskeiding, hertrou en huwelikvoor-bereiding.

**Hennie Kruger : Epos:** [henniekruger73@gmail.com](mailto:henniekruger73@gmail.com); Selfoon: 072 320 8170

Fokusareas: Finansiële Rentmeesterskap, rou en verliesverwerking, konflik en verhoudings.

**Vorster Combrink : Epos:** [vorster@abbo.org.za](mailto:vorster@abbo.org.za); Selfoon: 082 872 9725

Fokusareas: Huwelik, ouer-kind-verhoudings, trauma (akuut, kronies, seksueel, post trauma); verslawings (verhoudings; middels; voedsel; geld; seks)

# Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

|        |       |            |              |      |
|--------|-------|------------|--------------|------|
| VANDAG | 01/11 | ANÉ        | DIJKSTRA     | GF02 |
|        |       | WIEKIE     | FERREIRA     | GF08 |
|        |       | EUGENE     | GENADE       | GF06 |
|        |       | ARMAND     | VAN HEERDEN  | VR1  |
| Ma     | 02/11 | ANDREA     | BLOMERUS     | EV1  |
| Di     | 03/11 | GEON       | HOON         | GF19 |
|        |       | LOUIS (JR) | VAN DER WALT | GF15 |
|        |       | LUCY       | VAN DEVENTER | GF09 |
| Do     | 05/11 | RIAAN      | HANEKOM      | GF27 |
|        |       | HENK       | HARTMAN      | TY1  |
|        |       | HARDUS     | VAN ASWEGEN  | GF18 |
|        |       | ANKE       | VD MERWE     | VR6  |
| Vry    | 06/11 | ELAINE     | BUYS         | BR5  |
|        |       | VICKI      | FOURIE       | GF03 |
|        |       | LYDIA      | SANDER       | GF08 |
| Sat    | 07/11 | CHRISNA    | FOURIE       | GF08 |

## GKBO-Inligting

**Eredienstye:** (Somer) 09:00 & 18:00 (Sep – Apr) (Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)  
**English Service: 16:30**

**Kerkkantoor:** 08:30 – 14:00

[admin@gkbo.org.za](mailto:admin@gkbo.org.za)

☎ 082 712 4629

[kassier@gkbo.org.za](mailto:kassier@gkbo.org.za)

☎ 083 659 1301

**Ds. Brahm Robinson** [brahmrobinson@gmail.com](mailto:brahmrobinson@gmail.com) ☎ 064 656 1374

**Ds. Jaco Linde** [lindejaco@gmail.com](mailto:lindejaco@gmail.com) ☎ 062 552 5492

**Ds. Reynold Fourie** [fouriereynold@gmail.com](mailto:fouriereynold@gmail.com) ☎ 084 707 6276

**Ds. Reinder Kingma** [reinderkingma@gmail.com](mailto:reinderkingma@gmail.com) ☎ 084 827 2443

**Skriba:** Hessel Dijkstra [skriba@gkbo.org.za](mailto:skriba@gkbo.org.za) ☎ 082 785 5193

**Koster:** Elfriede Coetzee [koster@gkbo.org.za](mailto:koster@gkbo.org.za) ☎ 083 6369 840

**Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005**

Bydraes kan ook per debietorder of Zapper betaal word. Skakel met die kassier of die kerkkantoor vir 'n Bydraevorm

**Besoek ons webwerf by [www.gkbo.org](http://www.gkbo.org)**

# Bolandkamp 2026

Egte geloof in 'n  
kunsmatige wêreld



Graad 8 - 12's | 2 - 6 Desember  
Disakloof Kampterrein, Bettysbaai

*\*Hierdie advertensie is gemaak deur 'n mens*



← Inskrywingsvorm



# Kom ons wees eerlik

## Die Waarheid oor leuens

In vandag se moderne wêreld – veral met sosiale media – is die versoeking groter as ooit om te jok: om 'n bietjie te oordryf, om vriende te beïndruk, om die "vrede te bewaar," of om gevolge vry te spring. Die Bybel leer egter dat om te jok, sonde is, en dat eerlikheid saak maak omdat dit iets van God se karakter vir ons uitbeeld.

### 1 WAT SÊ GOD OOR LEUENS?

Die eerste sonde in die wêreld was die leuen wat Satan vir Eva vertel het (Genesis 3:4).

→ Hoe beskryf Jesus self die duiwel in Johannes 8:44 (1983)?

Hy was van die begin af 'n \_\_\_\_\_. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar \_\_\_\_\_ in hom is nie.

Wanneer hy leuentaalk praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n \_\_\_\_\_ en die \_\_\_\_\_ van die \_\_\_\_\_.

→ Om te jok en leuens te vertel, is dus om die duiwel se werk te doen! Wat sê God verder in Spreuke 12:22 (2020):

"Die Here het 'n \_\_\_\_\_ van \_\_\_\_\_; Hy hou van \_\_\_\_\_ mense.

### 2 WAT SÊ GOD OOR HOMSELF?

As Satan die Vader van leuens is, is God presies die teenoorgestelde. Wat leer ons oor God se karakter uit die volgende verse?

→ **NUMERI 23:19 (1983):** "God is nie 'n \_\_\_\_\_ dat Hy sou \_\_\_\_\_ nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?"

→ **TITUS 1:2 (2020):** "... hoop op die ewige lewe wat God, wat nie kan \_\_\_\_\_ nie, reeds voor alle tye beloof het."

God sê Hy is eerlik en die bron van waarheid, en daarom is Sy Woord ook waar. Wat leer ons oor die waarheid van die Bybel in Johannes 17:17?

→ **JOHANNES 17:17 (1983):** "Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid.

U \_\_\_\_\_ is die \_\_\_\_\_."

God sê Hy is eerlik en die bron van waarheid, en daarom is Sy Woord ook waar. Wat leer ons oor die waarheid van die Bybel in Johannes 17:17?

→ **JOHANNES 17:17 (1983):** "Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid.

U \_\_\_\_\_ is die \_\_\_\_\_."

### **3 WAT IS GOD SE OPDRAG AAN ONS?**

Omdat God eerlik is en die waarheid praat, wil Hy hê sy kinders, wat deur Jesus losgekoop is uit die mag van die Satan, dieselfde moet doen. Daarom het God dit ook met die negende 'n opdrag in die Tien Gebooie gemaak:

→ Eksodus 20:16: "Jy mag nie \_\_\_\_\_ teen 'n ander gee nie."

Watter opdragte lees ons in die volgende verse?

→ Efesiërs 4:25: "Noudat julle die \_\_\_\_\_ afgelê het, moet julle onder mekaar die \_\_\_\_\_ praat."

→ Kolossense 3:9-10: "moenie vir mekaar \_\_\_\_\_ nie. Julle het met die ou, \_\_\_\_\_ mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die \_\_\_\_\_ mens, wat al hoe meer vernuwe word na die \_\_\_\_\_ van sy \_\_\_\_\_."

In Efesiërs 6:14, as Paulus praat oor die wapenrusting van God, dan sê Hy ons moet die "\_\_\_\_\_ van waarheid" aantrek. Die belt/gordel het die hele wapenrusting in plek gehou – sonder waarheid kan ons glad nie staande bly teen die leuens van Satan nie!

### **FOKUS OP DIE EVANGELIE**

Omdat ons van nature sondig is, kan ons nie altyd die waarheid praat nie. Iemand anders moes in ons plek kom om 'n perfekte, eerlike lewe in ons plek te lei – en dit is Jesus!

→ In Johannes 8:31-32 sê Jesus, "As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die \_\_\_\_\_ sal julle vrymaak."

→ In Johannes 8:35 sê Jesus, "Ek is die weg en die \_\_\_\_\_ en die lewe." Jesus is die Waarheid wat ons vrygemaak het van die vader van leuens! Laat ons Hom prys!

#### **REFLEKSIEVRAE**

1. Hoekom haat God leuens?
2. Wat maak eerlikheid so belangrik in verhoudings?
3. Is "wit leuens" regtig onskuldig?
4. Waarmee sukkel jy om eerlik te wees?



#### **BID**

→ Dank die Here dat Hy eerlik en betroubaar is!

→ Vra die Here om jou te help om die waarheid te praat en die waarheid van die Evangelie met ander te deel.